## OORDENKING - Ontdek dat jy `n verskil kan maak

(Uit Dr Jan van der Watt se boek "Die Bybel in 40 dae – Ontdek God se plan vir jou lewe", bladsy 159-161)

Christene is geneig om hulleself te onderskat. Hulle twyfel dikwels daaraan of hulle iets vir God kan beteken. Hulle loop eerder met `n skuldige gewete rond omdat hulle voel hulle maak foute en stel God teleur. Hulle konsentreer so op die verkeerde dat hulle vergeet om die goeie te doen.

**Maar kom ons kyk 'n bietjie hoe God oor mense dink. Sien Hy hulle as `n klomp wat net foute maak en eintlik nie veel vir Hom beteken nie? Of anders gestel: Wie sou Hy in sy "foto album" van helde sit?** Ons hoef nie te wonder nie, want die Bybel vertel vir ons hoe God se foto album van helde lyk.

Op die een "foto" is daar `n ou vroutjie wat net `n paar sente in die kollektebord gegooi het... maar dit was al wat sy gehad het **(Luk 21:4)**. Ja, sy het alles gegee. Tussen al die mense sien Jesus juis haar raak en sy kry `n plekkie is Sy boek van helde. **Die Here soek nie dik beursies nie, maar harte wat aan Hom behoort.**

Daar is ook die "foto" van die seuntjie wat sy vyf broodjies en 2 vissies aangebied het toe Jesus se dissipels skynbaar nie kos vir die duisende mense gehad het nie... ja, jy het reg gehoor, 5 broodjies en 2 vissies vir duisende mense **(Joh 6)**. Hy het dit in die Here se hand gesit en met daardie klein gawe van hom het die Here uiteindelik duisende kos gegee: alles net omdat die seuntjie dit wat hy gehad het, in die Here se hand gesit het. **Die Here wil nie kyk hoe goed ons is nie, maar wat Hy deur ons kan doen.**

Of daar is die dogtertjie wat as slavin in `n vreemde land gesit het. Sy het gesien hoe siek die baas van die huis is en dat geen dokter kom kon help nie. Sy vertel toe vir hulle van haar God wat kan help, wetende dat as haar baas die moeite doen om na `n vreemde land se God te gaan en nie gesond word nie, sy met haar lewe sou moes betaal. Nogtans skrik dit haar nie af nie, omdat sy op God vertrou. En God het haar nie teleurgestel nie, omdat sy Hom nie teleurgestel het nie.

`n Paar sent, vyf broodjies en twee vissies, `n skamerige getuienis vir die Here deur `n jong dogtertjie... dit is waaruit God se foto album van helde bestaan. Dit wys hoe belangrik die klein dingetjies vir God is. **Hy vra nie meer as wat ons kan gee nie. Nee, Hy vra net dit wat ons kan gee.** As ons dit met oorgawe doen, gee God ons 'n plek in Sy foto album van helde.

**God wil nie hê jy moet oorloë vir Hom gaan veg, of woestyne en oseane vir Hom gaan oorsteek voor Hy jou raaksien nie. Hy wil net hê jy moet *jy* wees, daar waar jy op die oomblik is. Jy moet net vir Hom dit gee wat jy het, of dit `n paar sent is of net twee vissies.**

Jy moenie te min van jouself as Christen dink nie. Nee, **God kan en wil jou as Christen kragtig gebruik.** Daarvoor hoef jy nie `n dominee of pastoor te word nie. Jy kan maar net jy bly en so die pad saam met die Here loop. **Sit jou talente – of dit nou bietjie of baie is – in die Here se hand sodat Hy daarmee kan doen wat Hy wil. Kyk net watter verskil God deur jou talente aan ander kan maak. Dit is hoe God werk!**

*Ds Leon Tait*


NED. GEREF GEMEENTE RIETFONTEIN-SUID
SAAM BOU ONS AAN SY KONINKRYK

# Die Rietfluit

Ek het U hart-lik lief o Heer

*Maandblad* *September 2009*


## *2009 is die jaar van herlewing*



### Waar kry ek die krag om die nuwe lewe te leef?

Volgens Efesiërs 4:7-10 kan ons tereg vra: *Waar kry ek die krag om die nuwe lewe uit te leef ?* Natuurlik by die Here alleen! Van Hom is waar:

**1. Die Here het aan elkeen van ons 'n gawe gegee (vs 7):**

Vir die Here is dit so belangrik dat ons die nuwe lewe sal uitleef dat Hy spesiaal aan elkeen van ons 'n genadegawe gegee het. HY is in en deur ons aan die werk. Wanneer ons die gawe wat van God ontvang is gebruik, groei ons en leef ons soos God bedoel het. Nie alleen groei ons nie, maar ook vir diè wat ons dien met ons gawes help ons om te leef soos God bedoel het (Romeine 12:3-8; 1 Kor 12; 1 Petr 4:10-11).

**2. Die Here is die Groot Oorwinnaar (vs 8-9):**

Die teks gebruik 'n beeld van 'n koning of generaal wat in 'n triomfoptog na 'n oorwinning oor sy vyande die optog aanvoer met die krygsgevangenes wat verslaan is, ontwapen is en in kettings agterna strompel. Dit is presies wat Jesus gedoen het met Sy vyande nl die sonde, Satan, wêreld en die dood. In Kol2:15 staan: *Jesus het die vyandige geestelike magte en kragte totaal verslaan. Hy het behoorlik bo-oor hulle geloop. Hierdie geestelike magte kan nou net magteloos in kettings voortstrompel terwyl Jesus as die groot Wenner vooruit stap. In hierdie optog word Jesus se oorwinning aan die kruis feestelik gevier. Dit is daar vir almal om te sien (Die Boodskap)*

* Lees ook Luk 11:21-22; Hebr 2:14-15; 1 Joh 3:8-5:18.

Ons deel in die oorwinning! Ons is saam met Christus in Sy triomftog. Ons is ook oorwinnaars, want die Bose is verslaan. Die Bose kan alleen met ons regkry wat ons hom toelaat! Daarom veg ons nie vir oorwinning nie, maar vanuit oorwinning!

**3. Die Here vul die heelal met Sy Oorwinnaars-teenwoordigheid (vs 10):**


*Wat presies beteken hierdie "teruggaan hemel toe"? Dit beteken mos dat Hy voorheen in die hemel was en toe na die aarde toe afgekom het. Juis Hy is weer terug hemel toe. Nou is daar nie 'n hoekie of kantjie van hierdie heelal waar Jesus nie teenwoordig is nie (Die Boodskap).*

Oral waar ons ons mag bevind onder watter omstandighede ook al, is die Here Jesus in Sy oorwinningskrag met ons! Alles wat oor ons pad kom gaan ons tegemoet met die oorwinningskrag van die Groot Oorwinnaar.

Glo dit, vat dit en leef die nuwe lewe in die oorwinningskrag van ons Here.
Hoeveel van die Oorwinnaarskrag is in ons lewe te sien ?

*Ds Leon van Heerden*

## ‼ Onthou-Datums ‼



- 6 September  Biddag vir Dowes
- 12 September  Krieketkarnaval – HTS John vorster
- 20 September @ 9:00  Doop & Gemeente- tee
- 23 September  Skole sluit

### God se wil vir jou lewe.....

Hemelse Vader, baie dankie vir die seker wete dat U 'n spesifieke plan en doel met my lewe het.

Ek bid dat U my gewillig sal maak om U wil in alle opsigte te ken èn te gehoorsaam.

Help my om nooit die stem van U Gees te verontagsaam of U wil mis te loop nie.

Dankie vir die riglyne waaraan ek U wil kan meet:  U Woord, die leiding van U Gees en my eie omstandighede.

Sal U my asseblief hierdeur só duidelik lei dat ek nooit aan U wil sal hoef te twyfel nie.

Maak my sensitief vir die influistering van U Gees, en help my om my eie sin en wil prys te gee, my roeping te gehoorsaam, U morele wette in my lewe na te kom en oop te wees vir U ingrypings.

Maak my ook gewillig om geduldig te wag op U leiding wanneer dit nodig mag word, en leer my bid èn leef in ooreenstemming met U wil.



Dankie dat ek mag weet dat U wil altyd die hèèl beste vir my is, ook al sou dit lynreg verskil van myne.

*Amen*

## Aksie Plus



***Fluit-Fluit Om Pretoria***

**Die dag en datum:** Sondag 26 Julie 2009.

**Die plek:** Hermanstad

**Die geleentheid:** Aksie Plus treinrit om Pretoria.

Op Sondag 26 Julie het 26 lede van die Aksie Plus 'n stoomtrein rit om Pretoria gedoen. Die rit het in Hermanstad by die "Friends of the Rail" (FOTR) se privaat halte begin waar ons eers gou na so paar herinnerings kon gaan kyk wat verband hou met stoomtreine, asook 'n paar ou motors wat so ietwat lyk na iets wat nie meer heeltemal sy eie oorspronklike ou vorm het nie, maar tog daarop dui dat dit wel eens op 'n tyd 'n ou Ford Galaxy onder lede gehad het.

Toe die trein se wiele begin draai, het ons antikloksgewys deur Pretoria se bekende stasies gestoom, wat onder meer Pretoria stasie, Loftus en Koedoespoort ingesluit het. Nee, ons het baie hard probeer, maar hulle wou nie ons opgradeer Blou Trein toe nie, en wou ook nie by die koeksisterkruising stop vir 'n MacDonalds nie! Van daar is ons deur die Moot by al die stasies verby en toe is 'n sirkelroete gevolg deur Wonderboom tot anderkant Pyramid en terug.

Die totale roete het so 2 en half ure geduur, maar die uitsig van die verkeerde kant van die spoor het tot groot vermaak en baie herrinneringe gelei. By Wonderboom stasie is daar gestop vir bene rek en om die rokers toe te laat om hulle longe se smagte te verminder, en kon ander die lokomotief van nader gaan bekyk. (Moet tog asb net nie 'n foto neem van die lokomotief deur onder op die spore te staan nie). Die lekker vuur het nogal groot nostalgie verleen aan baie mense wie se voorouers vir die ou Spoorweë gewerk het. Terloops, waarvoor het SAS&H gestaan? Sit asseblief stil en houvas!


Die rit kan ook voorafgegaan word deur van die FOTR se braavleisvure gebruik te maak, maar ons het besluit om eerder piekniekmandjies te pak, dit maak dit soveel makliker as om daar te gaan braai tussen die ander vreemde wesens wat ook daar was. En was party van hulle nie vreemde wesens nie? Maar so het die Vader ons maar elkeen anders en uniek gemaak.

Die dag het aan die einde te vinnig verby gestoom, en almal het dit baie geniet, daar was ruim tyd om te lag en te gesels, ou vriendskapsbande op te skerp en soos gewoonlik, net die dag en mekaar te geniet.

Namens die Aksie Plus wil ons vir almal wat daar was dankie sê, en ook vir goeie herinneringe wat die treinry ons almal gegee het.

En so, fluit-fluit is ons om Pretoria en is my storie uit.  (Foto's op middelblad!)

# Taakspan vir Jeug



**Groei!**

Vanaf 2008 het ons gemeente se jeugbediening pragtig gegroei en daarvoor kan die Here net geprys word, tog het ons al hoe meer die gevoel dat die Here ons op 'n nuwe pad wil stuur. 'n Pad van voorbereiding en groei, sodat ons gereed kan wees vir groter dinge wat aan die kom is!

**Gebed en herlewing!**

Op hierdie pad van voorbereiding en groei het die Here 'n paar fokuspunte op ons harte gelê, maar die grootste daarvan is gebed! Terwyl ons besig is met die begin van nuwe selgroepe, bedienings, uitreike, en nog meer, word ons meeste energie nou aan gebed gespandeer. **Ons bid Sondae vanaf 18:00 vir die erediens; Woensdag oggende kom die Kairos gebedsgroep om 4:00am bymekaar; en op Donderdae bid ons selgroepe ook elkeen vir 'n uur saam.** Intussen het ons 'n groepie jongmense wat elke aand spesifiek bymekaarkom om vir die gemeente te bid. Oor die langnaweek het ons selfs ook 'n gebedsuitreik gehad waar ons deur die strate geloop het en vir die omgewing, huise en mense gebid het.

As ons enige storie van herlewing lees, merk jy dadelik op dat herlewing altyd begin het by 'n groepie mense wat in opregte gebed na die Here gesoek het. Ons wil in hierdie verhaal daardie groepie bidders wees! Sover het ons die krag van gebed beleef op baie vlakke van ons lewens: jongmense wat nie die Here geken het nie, het vir Jesus as hulle Verlosser aangeneem; ander mense is fisies genees van pyn en siektes; ons het toerusting geskenk gekry wat ons nodig gehad het; en so kan die lys aan en aan en aan gaan!

Begin saam met ons bid by enige geleentheid, of op jou eie; geen van ons jongmense se aksies het 'n ouderdomsbeperking op nie! Daar is net een voorwaarde: Jy moet geloof soos 'n kind hê, want 'n kinderhart is Jesus se "favourite"! Hierdie is die maklikste manier om by enige iets betrokke te raak, begin net bid. Staan saam met ons spesiale tyd af, en **bid elke aand van 18:00-18:30 vir ons gemeente, en dat die Here Sy herlewing vir ons sal stuur!** Kom woon ook 'n bietjie 'n jeugaandiens by, ons is vir 11 weke besig met 'n reek oor transformasie. Wie weet, dalk inspireer die jongmense se passie jou op so 'n manier dat jou lewe ook begin transformeer!

As jy wil kontak maak, skakel **Louis Scheepers** by 078 258 5092, of **Carel van Niekerk** by 079 436 6826



# Taakspan vir Vroue



**<u>Visie</u>: Om 'n verskil te maak deur met Omgee-liefde diensbaar vir die gemeente en God se Koninkryk te wees.**

'n Klein groepie vrouelidmate maak inderdaad 'n verskil in die gemeente! Sowat 120 dames maak maandeliks 'n finansiële bydrae. Hierdie fondse word aangewend om die verskillende funksies van die kombuis te finansier. Die afgelope paar jaar is fondse ook vir opgradering en verfraaiing aangewend - die dames kleedkamer en moederskamer was onder andere van hierdie projekte.

Die opgradering van die manskleedkamer is tans 'n prioriteit.

Dames kan ook die "kopergeldjie" projek ondersteun.

'n Beroep word op al die dames in die gemeente gedoen (daar is 542) om by hierdie taakspan betrokke te raak en 'n VERSKIL TE HELP MAAK!

Om betrokke te raak, kontak die taakspanleier, Brenda Barnard by (012) 331- 0148 of 082 494 7835



# Taakspan vir Senior Lidmate

Die Senior Lidmate Taakspan dra die belange van ons "Silwer Jeug" op die hart en wil graag vir julle as ons susters en broers in die geloof tot hulp wees soos ons Here Jesus dit van ons verwag.

**As U 'n behoefte aan persoonlike hulp in en om die huis het, of vervoer benodig, wil ons julle graag tot hulp wees.**

**Ons jong mense - die "groen Jeug" wil ook graag by 'n Ouma en/of Oupa betrokke raak.**

Neem asseblief die vrymoedigheid en skakel Helga Barnard wie hierdie diens koördineer. Dit sal vir ons vreugde verskaf om U behulpsaam te wees!

Helga kan gekontak word by (0**12)331- 0765**.

# Nuwe Intrekkers

Andrè & Belinda Kotzee,
Conrad & Armand Nieuwenhuis





Schalk & Melanie Wasserman

Basson, Hettie, Carla &
Talitha Geldenhuys



Welkom by NG Gemeente Rietfontein-Suid!

# Aksie Plus Treinrit

“Friends of the Rail” se privaat halte






Die stoomlokomotief

Ons was ook daar!!

